6 Maart Maleagi 2:1-9

Voorgangers wees gewaarsku!

Die priesters in Jerusalem se invloed op die mense was negatief in plaas van positief (vgl. Mal 1:10). Die vlak van hulle goeie geestelike lewe was laag en daarom was die invloed op die volk, om die minste te sê, katastrofies. Die priesters moes God eer, maar hulle het sy naam geminag.

Voorgangers moet volwasse in die geloof wees. Voorgangers word ook strenger as ander beoordeel (Jak 3:1). Maleagi vermaan die voorgangers in Jerusalem oor die negatiewe invloed wat hulle op die kerkvolk het. As hulle egter nie wil luister nie, sal God hulle vervloek: Hyself sal hulle bespotlik maak en hulle uit hulle diens verwyder (verse 2-4). Wat het toe gebeur? In die jaar 70 n.C. was daar nie meer 'n tempel of priesters of offers nie. In Christus is ons gereinig en het ons elkeen die opdrag gekry om 'n voorganger te wees. Hy het ons as priesters aangestel (1 Pet 2:5). Ons is die vertoonvenster van die kerk. Ons raak ontsteld as die kerk van skynheiligheid beskuldig word, maar is ons nie in baie gevalle juis die oorsaak van sulke aantygings nie?

Voorgangers kan die oorsaak wees dat die Here sy kerk van 'n bepaalde plek af verwyder. In sy brief aan Efese (Op 2:5) waarsku die Here Jesus dat hulle in hulle liefde agteruitgaan en as hulle hulle nie bekeer nie sal Hy hulle lamp verwyder. Hy is nie van ons afhanklik nie. Hy kan mos uit klippe kinders van Abraham maak.

Sing: Skrifberyming 9:4,5 Ds. DJ. de Kock (Pietersburg-Suid)